HOËRSKOOL OOS-MOOT · WERK EN OORWIN

# Oosies NUUSBRIEF 2026

**WERK EN OORWIN**

Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

**02/2026** **15 Januarie 2026**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Die eerste skoolweek van 2026 is byna verby, en daar is sommer baie goeie nuus om met julle te deel.

Ons is uiters trots op ons 2025-matriekuitslae. Baie geluk aan ons matriekpersoneel en matrikulante! Jul harde werk, toewyding en deursettingsvermoë het hierdie uitstekende resultate moontlik gemaak. Hoërskool Oos-Moot het ’n slaagsyfer van 99,6% behaal, met 196 onderskeidings en 83,9% universiteitsvrystellings. Ons toppresteerder is Sarah Bouillon, wat ’n pragtige gemiddeld van 85,29% behaal het. Die volledige uitslae is beskikbaar op ons webwerf en mediaplatforms, en lees gerus ook die artikel in die Rekord.

’n Opregte woord van dank aan ons geboue- en terreinspan asook die Oosie-Bond wat gedurende die vakansie hard gewerk het aan instandhouding en verbeterings by die skool. Julle moeite en toewyding word opreg waardeer.

Die skool maak gebruik van die volgende belangrike akademiese toepassings: Wolkskool, Google Classroom en Eduvelopment. Leerders word versoek om so gou moontlik vir al hierdie platforms te registreer. Navrae kan gerig word aan die volgende personeel:
Google Classroom: n.pfeil@oos-moot.co.za
Wolkskool: s.geldenhuys@oos-moot.co.za
Eduvelopment: vaswegenh@oos-moot.co.za

Wat skoolkommunikasie betref: d6 is ’n moderne, veilige en gebruikersvriendelike platform wat Oos-Moot sedert 2018 gebruik om ouers, voogde en personeel met mekaar te verbind. Hierdie toepassing stel jou in staat om belangrike skoolinligting, leerderdata en finansiële transaksies op een plek te bestuur. Dit is gratis beskikbaar op Android, iOS en via ’n webportaal.

Vir 2026 is daar ’n belangrike verandering aan die d6-toepassing: die d6 Communicator (blou toepassing) word voortaan die enige amptelike toepassing vir alle skoolkommunikasie vanaf d6. Meer inligting hieroor is in die brief uiteengesit. Ons nooi al ons ouers en voogde om van hierdie toepassing gebruik te maak.

Ons nooi ook ons ouers en leerders uit om voluit deel te neem en betrokke te raak by die skool se aktiwiteite – akademies, sportief en kultureel. Dit is hier waar nuwe vriendskappe ontstaan, selfvertroue gebou word en waar leerders werklik hul plek in die skool vind.

Ons sien uit na ’n jaar van goeie samewerking met ons ouers en die breër gemeenskap. Saam bou ons aan ’n skool waar elke leerder behoort, groei en kan floreer.

Met vriendelike groete,
**Me S Theron**
**HOOF**

## ALGEMEEN

### Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 15 Jan. : Graad 9 tot 12 oueraand
- 16 Jan. : SWEM INTERHUIS
- 17 Jan. : Netbalproewe (o.14)
  17 Jan. : Hokkieproewe (o.15/o.16)
- 19 Jan. : Wiskundesentrum begin
- **19 Jan. : Krieketproewe (o.14)**
- 19 Jan. : Hengel: Ouervergadering
- 19 Jan. : Rasieleier oudisies
- 20 Jan. : ATLETIEK INTERHUIS
- **20 Jan. : Krieket: Ouervergadering**
- 21 Jan. : Akademiese uur begin
- 22 Jan. : FOTODAG 1 (Individuele foto's)
- 24 Jan. : Atletiek (Zwartkop)(weg)
- 27 Jan. : Groentjiekonsertoptrede (leerders)
- 28 Jan. : Groentjiekonsertoptrede (ouers)
- 29 Jan. : Akademiese Prysuitdeling

**KONTAKBESONDERHEDE**

**Hoof:** Me Susan Theron
(diehoof@oos-moot.co.za)
**Adjunkhoof:** Me Hanlie van Staden
(vanstadenh@oos-moot.co.za)
**Dissipline:** Me Mariane Haasbroek
(c.haasbroek@oos-moot.co.za)
**Maatskaplike werker:** Me Janine Olivier
(j.olivier@oos-moot.co.za)
**Finansies:** Me Annalize Jacobs
(finansies@oos-moot.co.za
**Bemarking:** Me Chriselda Meyer
(bemark@oos-moot.co.za)
**Kultuur:** Me Lee Bouwer
kultuur@oos-moot.co.za
**Sport:** Mnr Braam Pretorius
(sport@oos-moot.co.za)
**Klerebank**: Me Karin Badenhorst
(klerebank@oos-moot.co.za)

E-posadresse vir onderwyspersoneel is op die skool se webwerf beskikbaar.

**GRAADVOOGDE**

Afwesighede en die **uitteken van leerders** word deur graadvoogde hanteer. Hul stuur ook belangrike kommunikasie via Whatsapp na ouers.

**Graad 8**
*Me M Grove (m.grove@oos-moot.co.za)*
*(079 208 4632)*

**Graad 9**
*Me J Botha (j.botha@oos-moot.co.za)*
*(079 207 4415)*


**Graad 10**
*Me N Pfeil (n.pfeil@oos-moot.co.za)*
*(066 416 6252)*

**Graad 11**
*Me Z de Klerk (z.deklerk@oos-moot.co.za)*
*(064 884 6059)*

**Graad 12**
*Me T Ferreira (t.ferreira@oos-moot.co.za)*
*(079 207 0022)*

### Kommunikasiekanale

### d6 Kommunikasie-Toepassing (App)




**Belangrike Kennisgewing: d6 toepassing verandering**

Die skool maak gebruik van die d6-stelsel en spesifiek die d6 Connect App (toepassing).

Toepassing verandering

d6 het 'n d6 toepassing (App) verandering gemaak. Die d6 Communicator (blou toepassing) word voortaan die enigste toepassing (App) vir skoolkommunikasie vanaf d6.

Wat beteken dit vir ouers?

Geen verandering aan hoe die skool tans boodskappe uitstuur nie.

Ouers wat nog die d6 Connect App (grys toepassing) gebruik, sal versoek word om die d6 Communicator af te laai om voortaan alle kommunikasie te ontvang. Nuwe ouers moet asseblief die d6 Communicator aflaai en installeer.

Waarom hierdie verandering?

Die doel is om:

- kommunikasie eenvoudiger te maak,
- verwarring tussen verskillende apps uit te skakel.

**HOE OM DIE TOEPASSING (APP) AF TE LAAI**

Navrae kan gerig word aan: appsupport@d6.co.za
Dankie vir u samewerking.

## Personeel

Goeie nuus uit ons personeelkorps!
Ons wens graag me R Robertson (Jonkers) hartlik geluk met haar huwelik wat gedurende Desember plaasgevind het. Mag dit 'n pad vol liefde en geluk wees.
Baie geluk aan mnr J Boshoff met sy verlowing – ons wens julle alles van die beste toe met hierdie opwindende nuwe hoofstuk.

'n Spesiale woord van geluk ook aan me M van Deventer en me H Louw met die geboorte van hul babas. Mag hierdie besondere tyd gevul wees met vreugde, liefde en kosbare oomblikke.

## Skooltye

- Maandae tot Donderdae: 07:25 tot 14:00
- Vrydae : 07:25 tot 13:35

## Belangrike dokumentasie vir ouers

Die volgende dokumentasie word in die eerste week van Januarie 2026, in harde kopie, aan die leerders uitgegee en **moet voor of op 30 Januarie 2026** ingehandig wees:

- Algemene voorwaardes en toelatingsbeleid
- Skoolfonds betalingsooreenkoms
- Gedragskode
- Selfoonvrye skoolomgewing

## 2025 Jaarblaaie

Die 2025 jaarblaaie sal binne die volgende twee weke beskikbaar wees.

U sal in kennis gestel word sodra dit beskikbaar is.
Ons vra om verskoning vir die vertraging en die ongerief en waardeer u begrip en geduld.

## Skool bankbesonderhede

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam : | Hoërskool Oos-Moot |
| Bank : | First National Bank (FNB) |
| Rekeningnommer: | 63124628041 |
| Takkode : | 210835 |

**Belangrik:**

- **Skoolfondsbetalings** gebruik die **familiekode**
- **Ander betalings** bv. toere, uitstappies, boeke, ensovoorts gebruik die volgende verwysing: Projeknommer+familiekode. Die familiekode is beskikbaar op die staat wat u van die skool ontvang of kontak finansies@oos-moot.co.za vir navrae.

## Skoolfonds

### Vrystellings

- Aansoeke vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling moet verkieslik voor of op **28 Februarie** van elke jaar ingehandig word.
- **Aansoekvorms en vereiste dokumentasie** is beskikbaar op die skool se **webwerf** en kan daar afgelaai en voltooi word.
- 'n Harde kopie van die vorm is ook by die skool beskikbaar.

Navrae: finansies@oos-moot.co.za.

## Debietorders

Wil jy jou skoolfonds maklik betaal?
Ons het 'n handige debietorderstelsel beskikbaar. Kontak me. A Jacobs by **finansies@oos-moot.co.za** as jy belangstel.

## Skooldrag en voorkoms 2026

**Belangrike herinnering:**
Ons wil ouers en leerders vriendelik herinner dat leerders te alle tye in hul amptelike, korrekte skooldrag geklee moet wees.

Kom asseblief die voorkomsreëls noukeurig na sodat ons die skool se standaarde kan handhaaf.

- Ons vra vriendelik dat leerders nie hul hare gedurende die skoolvakansie sal kleur of strepies laat insit nie. Dit geld vir seuns én dogters.
- Leerders moet ook nie hul hare volgens die nuutste modegiere sny nie (bv. seuns se **"*mushroom-styl*" –** hare super kort onder met baie volume bo).
- 'n Voorkomsinspeksie vind op die eerste dag van elke nuwe kwartaal plaas, en ons vra dat elke Oosie se voorkoms en skooldrag netjies en volgens die skoolreëls sal wees.

## Op- en aflaai van leerders

- Leerders word **nie, voor en tydens skoolure, binne die skoolterrein op- en/of afgelaai nie.**
- Gebruik asseblief die parkeerruimtes buite die skool.
- Moet asseblief nie voor ingangshekke stop of dubbelparkeer nie.
- Moet asseblief nie voor die ingange van privaateiendom rondom die skool parkeer nie.
- Aktiwiteite na skool: Parkeer op die aangewese areas, nie in die straat nie.
- Sport/kultuuraande: Gebruik die parkeerplek by die skoolsaal/kafeteria of krieketklubhuis.

## Toegang tot die skoolterrein

### Ouers en besoekers

- Geldige ID moet gewys word by toegang.
- Meld aan by ontvangs vir alle besoeke of aflewerings.
- Geen ouer of besoeker mag gedurende skoolure, binne die skoolterrein beweeg sonder dat hul by ontvangs aangemeld het nie.
- Geen leerders mag op sportgronde wees sonder toesig van personeel nie.
- Ouers van kinders wat nie Oos-Moot leerders is nie, bly verantwoordelik vir hul gedrag op die skoolterrein.

## Parkering binne die skoolterrein

- **Parkering (05:00 tot 14:30) binne die skoolterrein is slegs vir personeel en leerders** wat in besit van 'n geldige bestuurslisensie is.
- Leerders met 'n wettige bestuurslisensie moet 'n parkeerpermit by mnr H Badenhorst kry en dit moet in die ruit van hul voertuig vertoon word.

## Selfoonlose skoolomgewing

Oos-Moot is sedert 2024 'n selfoonvrye skool-omgewing. Ons glo dat hierdie beleid leerders help om hul volle aandag aan hul studies, onderrig en sosiale interaksie te gee sonder afleidings. Dit moedig ook gesonde kommunikasie en fokus aan.

**Selfoon- en sosiale media gebruik deur leerders**
ʼn Skrywe om die Skoolbeheerliggaam en die skool se Bestuurspan se standpunt oor die gebruik van selfone- en elektroniese kommunikasie apparate en sosiale media aan u uiteen te sit en om enige misverstande uit die weg te ruim, is by hierdie skakel beskikbaar.

**Reëlings**

- Alle leerders se selfone moet heeltemal afgeskakel (nie op *silent* gestel nie) en gebêre wees wanneer hulle by die skoolterrein inkom tot die laaste skoolklok van die dag (klok tot klok reël) lui.
- Die selfone bly vir die volle duur van die skooldag afgeskakel, insluitend pouses.
- Indien 'n selfoon gesien word, lui of vibreer, sal dit gekonfiskeer word.
- Gekonfiskeerde selfone kan na een week (5 skooldae) slegs deur 'n ouer by die skool afgehaal word. ʼn Bedrag van R100 per toestel is betaalbaar vir stoorkoste.
- Indien 'n leerder gedurende die skooldag ongesteld voel of siek word, meld hulle by die graadvoog aan, waarna die skool u direk sal kontak.

## Fotodag 1: Individuele foto's

Die eerste fotodag vir 2026 is op 22 Januarie.

Dit is belangrik dat ʻn individuele foto van elke leerder geneem word, aangesien die foto's in die skool se jaarblad en ander media gebruik word.

**Reëlings**

- Individuele foto's word van alle leerders en alle personeel geneem.
- Die skooldag en klaswisseling gaan soos normaal voort.
- Alle leerders moet afgeneem word.
    - ➢ Indien ouers NIE toestemming verleen vir die gebruik van die leerder se foto nie moet ʻn brief aan die skool gerig word waarin die rede daarvoor gemeld word.
    - ➢ Die leerder se foto sal egter steeds geneem word, aangesien die ouer die foto kan aankoop.
- Prestige Photographers (fotograwe) stuur bestelvorms uit waar foto's elektronies bestel en betaal kan word.
- Geen familiefoto's word geneem nie.
- Leerders moet korrek en volgens die skoolreëls geklee wees.

**Kleredrag**

| **Graad 8 tot 11** | **Graad 12** |
|---|---|
| • Somersdrag<br>• Kleurbaadjie | • Somersdrag<br>• Matriekdas<br>• Kleurbaadjie |
| **VLR** | **Matriekraad** |
| • Somersdrag<br>• VLR-das<br>• Kleurbaadjie | • Formele drag |
| **Let wel: Geen penningbaadjie word geleen vir enige foto nie.** | |

## Sluitkaste ("lockers")

Sluitkasbesprekings en -betalings vir 2026 open in Januarie 2026. Die senior leerders kry eerste die geleentheid om hul sluitkaste te bespreek.

Die volgende sluitkaste is beskikbaar:

| Tipe sluitkas | Koste (R) |
|---|---|
| • Gewone sluitkaste (handboeke, skrifte, ens.) | R180 |
| • Sportsluitkaste (sporttoerusting) | R220 |
| • IGO-sluitkaste (slegs IGO-leerders graad 10 to 12) | R220 |

**Gewone en sportsluitkaste**
Betaling en bespreking

- Geen EFT-betaling word gedoen nie.
- Leerder bespreek volgens graad, op die datum hieronder genoem, die spesifieke sluitkas by die personeellid aangedui.
- Leerders kan kontant of per kaart betaling doen.
- **Vanaf 06:00 tot 07:00 in die oggend kan betalings by die finansieskantoor gedoen word**.
- **Gedurende pouse en na skool kan betalings en bespreking by me L Bouwer in die Kultuurkantoor gedoen word.**

Besprekingsdatums is soos volg:

| Graad | Datum |
|---|---|
| 12 | 19 Januarie |
| 11 | 20 Januarie |
| 10 | 21 Januarie |
| 9 | 22 Januarie |
| 8 | 23 Januarie |

**IGO-sluitkaste**
Bespreking en betaling word gedoen by
mnr R Groenveld in K95.

# AKADEMIE

## Ouerinligtingsaand

Ons nooi u vriendelik uit om hierdie **belangrike datums** oop te hou en die vergadering(s) by te woon, sodat u goed ingelig is en presies weet wat nodig is vir u kind om die nuwe jaar suksesvol aan te pak.

| Datum en tyd | Graad | Plek |
|---|---|---|
| 15 Januarie (17:30 vir 18:00) | 9 tot 12 | Skoolsaal |

## Wiskundesentrum

**Ondersteuning vir ons leerders.**

Agtergrond
Wiskunde is steeds een van die vakke waarmee talle leerders sukkel. ʼn Belangrike rede hiervoor is dat die grondslagkennis wat in vorige grade vasgelê moes word, dikwels ontbreek. Dit bemoeilik leerders se vermoë om nuwe inhoud te verstaan en toe te pas.

Uitdaging in die Klaskamer
Onderwysers het beperkte tyd binne die skooldag en moet fokus op die voltooiing van die graadspesifieke sillabus. Dit laat min ruimte om individuele agterstande reg te stel.

Wanneer

| | | |
|---|---|---|
| Dag | : | Elke Maandagmiddag |
| Tyd | : | 14:00 tot 15:00 |
| Koste | : | GRATIS |
| Plek | : | Sien tabel hieronder |

| Graad 8 | |
|---|---|
| Klas | Onderwysers |
| K15<br>K74<br>G1 | Me N Louw<br>Me L Eksteen<br>Mnr R Desmore |
| **Graad 9** | |
| K17<br>K72 | Me J Geldenhuys<br>Me M Pretorius |
| **Graad 10** | |
| K16 | Me C Venter |
| **Graad 11** | |
| K47 | Me C Botha |
| **Graad 12** | |
| K14 | Me R van der Walt |

Oplossing: Die Wiskundesentrum
Om hierdie uitdaging aan te spreek, bied die Departement Wiskunde die Wiskundesentrum aan.

Fokus
Elke sessie behandel 'n spesifieke onderwerp wat direk verband hou met die huidige sillabus vir elke graad.

Vir Wie is Dit?
Hierdie ondersteuningsklas is verpligtend vir alle leerders wat sukkel met Wiskunde of tans druip. Ander leerders is ook welkom indien hulle hul begrip wil versterk. 'n Teenwoordigheidsregister sal gehou word om deelname te monitor.

Navrae
Indien u enige vrae het, kontak gerus mev. C. Venter by die Wiskunde-afdeling (c.venter@oos-moot.co.za).

## Akademiese uur

Sedert 2023 bied ons 'n akademiese uur elke Woensdag van 14:00 tot 15:00 aan. Alle onderwysers is dan in hul klaskamers beskikbaar om leerders akademies by te staan.

Hierdie ondersteuning is gratis en fokus op:

- Moeilike konsepte
- Akademiese agterstande
- Bevordering van begrip en selfvertroue

**Die akademiese uur vir 2026 begin op Woensdag, 21 Januarie 2026.**

## Graad 12: Afrikaans Letterkunde

**'n Moet-sien Letterkundige Ervaring vir Graad 12's!**

Graad 12-leerders kry die unieke geleentheid om die voorgeskrewe roman, ***Onderwêreld*** deur Fanie Viljoen op die verhoog te beleef. Hierdie professionele verhoogvertoning bring die spanning, emosie en dieper temas van die roman op 'n kragtige en toeganklike wyse tot lewe en verdiep leerders se begrip van die teks.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 14 April 2026 |
| Tyd | : | 12:00 (80 minute) |
| Koste | : | R130 per leerder |
| Betaling | : | Finansieskantoor |

Belangrik: Leerders moet hul **bewys van betaling** by **me. A. van Emmenis se kantoor (nr.13)** of **k69** inhandig.

Hierdie is 'n uitstekende geleentheid om letterkunde buite die klaskamer te ervaar.

👉 **Jy wil nie hierdie geleentheid misloop nie!**

## Wolkskool 2026

In die eerste twee weke na die heropening van die skole in Januarie 2026, sal leerders gewys word hoe die Wolkskool/Google Classroom-platform werk.

Gedurende hierdie tyd sal hulle onder toesig vir 'n kort tydperk hul selfone in die klas mag gebruik, sodat almal vertroud raak met die stelsel.

## ATKV toespraakonderwerpe

Die ATKV is terug met splinternuwe toespraakonderwerpe vir 2026.

| Afrikaans Huistaal | |
|---|---|
| Graad 8 en 9 | Graad 10 tot 12 |
| Onkruid | Risiko |
| Tendens | Polemiek |
| Mentor | Naskrif |

## Public Speaking (prepared speeches 2026)

Public Speaking 2026 tema is bekend!
Die tema vir die Prepared Speeches kompetisie in 2026 is "IDIOMS".

Leerders kies self 'n idioom en moet 'n argumenterende praatjie voorberei waarin hulle verduidelik of hulle saamstem met die idioom of nie. Dit beloof om kreatiewe, slim en insiggewende debatte te wees!

## Skryfbehoeftelyste 2026 (gr.8 tot 12)

Die skryfbehoeftelys vir die onderskeie grade is by die volgende skakel beskikbaar. Let asseblief daarop dat daar deur die loop van 2026 nog items versoek kan word.

## Handboekuitreikings 2026 (Gr8 tot 12)

Elke Oos-Moot leerder ontvang tussen R2 500 – R3 000 se handboeke gratis op 'n uitleenbasis.
Die leerders ontvang hul handboeke, per graad, op onderskeidelik die volgende datums:

**Voorskrifte vir die versorging van handboeke**

Ons herinner elke Oosie weer aan die volgende voorskrifte vir die versorging van ons skoolhandboeke.

| | |
|---|---|
| A | GEEN kleefplastiek (decifix) of insteek plastiekslopies (book covers) word toegelaat op Oos-Moot handboeke nie. Leerders is welkom om dit te gebruik vir hul skrifte en skooldagboek. |
| B | Nuwe handboeke of handboeke waarvan die plastiek al verslete is moet asseblief oorgetrek word met 'n rol plastiek (ten minste 80 micron) en goeie kleefband. |
| C | Die hoeke van handboeke se buiteblaaie moet asseblief aan die binnekante versterk word met karton driehoekies (gebruik sommer afvalkarton soos bv. 'n papboksie). |

| | |
|---|---|
| D | Die gebruik van voorgeskrewe skooltasse met versterkte afskortings is noodsaaklik vir die beskerming van ons skoolhandboeke. |

## DISSIPLINE

### HEROES ANONYMOUS TOEP (APP)

Wat is die Heroes Anonymous Toep?

Die Heroes Anonymous-toep is 'n mobiele hulpmiddel wat leerders toelaat om anoniem voorvalle in skole aan te meld — soos boeliegedrag, geweld, gebruik van dwelms of wapens, en ander negatiewe gedrag — sonder om hulle identiteit kenbaar te maak.

Dit help ook leerders om positiewe gedrag te benoem, deur ander vir goeie dade te nomineer. Moedig asseblief u kind aan om van hierdie toepassing gebruik te maak. Volg hierdie skakel vir 'n video oor die gebruik van die toepassing.




## SPORT

### ATLETIEK

**Atletiekverkope 2026**

Ons is afhanklik van elke ouer se hulp om van hierdie byeenkomste 'n groot sukses te maak.

Ons benodig ook produkte en hulp van ouers by die stalletjies.

- Skakel vir die volledige skrywe (Brief: Atletiekverkope 2026)
- Skeurstrokie en produkte moet asseblief so gou moontlik maar nie later as **14 Januarie** teruggestuur word nie.

**Atletiekinterhuis**

- Die byeenkoms vind op **20 Januarie 2026** gedurende skoolure plaas (dit is 'n amptelike skooldag) en bywoning is verpligtend.
- Leerders wat afwesig is, moet die skool van 'n doktersbrief voorsien.

**Kleredrag**

Leerders kom in hul **Interhuisspan-kleure** of in Oosie-drag:

| VAN | ATLETIEKHUIS | KLEUR |
|---|---|---|
| **A - H** | AMPTENARE | LIG BLOU |
| **I – R** | BURGERS | GEEL |
| **S - Z** | HEEMRADE | WIT |

**Program vir die dag**

- Leerders begin met voogperiode waarna hul na die atletiekveld sal beweeg.
- Die Interhuisprogram eindig om 15:00.
- Toeskouers en ouers is welkom.
- *Leerders **moet** tot aan die einde van die byeenkoms bly.*

**Leerders moet asseblief die volgende saambring vir die dag**:

- sonskerm
- hoed
- waterbottel
- geld vir snoepie

### HENGEL

Neem asseblief kennis van 'n Hengel ouervergadering.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 19 Januarie 2026 |
| Tyd | : | 17:00 vir 17:15 |
| Plek | : | T1 (tydelike klas) |

Die besprekingspunte is:

- reëlings vir die seisoen
- finansies
- borgskappe
- hengelspan

Navrae kan gerig word aan hengel@oos-moot.co.za.

### KRIEKET

**Proewe**

Die krieketproewe vir die o.14-spelers vind plaas op:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 19 Januarie 2026 |
| Tyd | : | 16:00 tot 17:00 |
| Plek | : | Krieketnette |

**Ouervergadering**

Ouers met leerders wat reeds betrokke is by krieket of belangstel om betrokke te raak, word genooi na 'n Krieket ouervergadering.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 20 Januarie 2026 |
| Tyd | : | 17:30 vir 18:00 |
| Plek | : | LO-saal |

Die 2026 seisoen sal bespreek word.

## SWEM

### Graad 9 tot 12: Sweminterhuis

- Die byeenkoms vind gedurende skoolure plaas (dit is 'n amptelike skooldag) en bywoning is **verpligtend.**
- Leerders wat afwesig is, moet die skool van 'n doktersbrief voorsien.

**Reëlings**

Datum : 16 Januarie 2026
Tyd : 08:00 – 13:00
Plek : Tjaart van Vuuren Swembad

Leerders stap saam met hul voogonderwyser na die swembad.

**Kleredrag**

- **Oosie-drag**.
- Indien nie in Oosie-drag nie, moet leerders volgens hul **Interhuisspan-kleure** aantrek:

| VAN | ATLETIEKHUIS | KLEUR |
|---|---|---|
| **A - H** | AMPTENARE | LIG BLOU |
| **I – R** | BURGERS | GEEL |
| **S - Z** | HEEMRADE | WIT |

**Swemdrag**

| Dogters | Seuns |
|---|---|
| Vol swembroek (geen bikini's nie). | Swembroek, verkieslik ski-pant (geen speedo's nie). |

**Toestemming**

- Alle leerders moet 'n **Toestemmings-/vrywarings-vorm** invul.
- Die vorm moet **teen Donderdag, 15 Januarie** by die voogonderwyser ingehandig word.

**Kos en verversings**

- Leerders mag hul eie kos/koeldrank bring.
- Kosstalletjies sal ook beskikbaar wees.

**Bring asseblief saam**

| | |
|---|---|
| Handdoek | Ekstra droë klere |
| Sonbrandroom | Pet of sambreel |
| Geen waardevolle items of elektroniese toestelle (bv. selfone) in die swembadarea nie – die skool neem geen verantwoordelikheid vir verliese nie. | |

### Oefentye

Swemmers begin amptelik oefen vanaf:

Datum : 19 Januarie 2026
Dae : Maandae tot Woensdae
Tyd : 15:00 tot 16:00
Plek : Tjaart van Vuuren swembad (Waverley)
Kostes : Toegang vir Oos-Moot swemmers word deur die skool gedra.

### Swemgalas

Die datums vir die seisoen.

| Datum | Plek |
|---|---|
| 22 Januarie | Cornwall Hill |
| 29 Januarie | Montana |
| 5 Februarie | Cornwall Hill |
| 12 Februarie | Sal bevestig word |
| 17 Februarie | Hillcrest (Interhoër) |

Navrae kan gerig word aan swem@oos-moot.co.za

## NETBAL

**Proewe 2026**

Die netbalproewe vir 2026 vind vroeg in Januarie plaas.

Tydskedule

| Datum | Ouderdom | Tyd |
|---|---|---|
| 17 Jan. | o.14 | 08:00-11:00 (eerste rondte) |
| 26 /27 Febr. | o.14-o.17 | Finale rondte |
| **Registrasie vir proewe**<br>**Registreer NOU** reeds by die skakel. | | |

## KULTUUR

### RASIELEIERS

Die 2026 oudisies vir die Rasieleiers word vervroeg na die volgende datum:

Datum : **19 Januarie 2026**
Tyd : 15:00 tot 16:00
Plek : Oos-Moot atletiekveld

Navrae kan gerig word aan:
z.jansenvanrensburg@oos-moot.co.za.

## SOSIAAL

### Sosiale komitee (ouers en leerders)

Sluit aan by ons Sosiale komitee!

Die skool hou deur die jaar verskeie sokkies, balle en ander prettige funksies.

Ouers en leerders wat graag betrokke wil raak en saam wil help om hierdie spesiale oomblikke onvergeetlik te maak, word hartlik uitgenooi om me T Jordaan te kontak by jordaant@oos-moot.co.za of haar in K18 te kom sien.

Kom help ons om ons skool se sosiale lewe regtig te laat sprankel!

## NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Kostes en volledige inligting by die skakel.




**ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2026**

*Die nuusbrief word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brief word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.*

**Kostes vir 'n A6 advertensie**

| | |
|---|---|
| 1 plasing per maand | R350 |
| 2 plasings per maand | R550 |
| 3 plasings per maand | R750 |
| 4 plasings per maand | R950 |
| Plasing vir die hele jaar | Maandelikse bedrag x 11 (% afslag) |

**A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.*

**Formaat**

- *Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.*
- *Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).*
- *Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.*
- *'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.*
- *Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.*

**Stel jy belang?**

*Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za*










**Oosie-parents give code 201**
and the school qualifies for an amount.